

“DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 22 - nr. 44)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

30 Oktober 2022

EREDIENS: Dr. Petrus Venter

Erediens – 9h30
(Hervormingsondag)

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: 2 Timotheus 2:1-13; 4:6-22

Teks: 2 Timotheus 2:9b

Sing- VOORAF SANG: Ps. 89: 1, 2

TYDENS EREDIENS: Ps. 18: 1, 14;

Ps. 33: 7,8; Ps. 89:6; Ps. 119: 39,51

***DIE WOORD VAN GOD KAN NIE
GEOEI WORD NIE.***

2 Timotheus 2:9 - Vir hierdie evangelie ly ek verdrukking, selfs in boeie soos 'n misdadiger, maar die woord van God kan nie geboei word nie.

- 1. Hoe mense probeer om die Woord van God te boei?***
- 2. Waarom die Woord van God nie geboei kan word nie?***

Vooraf sang: Ps. 89: 1, 2

Ontmoetingsdiens

Votum

Lofsang: Ps 18: 1, 14

Geloofsbelydenis

(Apostoliese Geloofsbelydenis)

Verootmoediging en versoeningsdiens

Wet

Sing:

Ps. 33: 7, 8

Woorddiens

Gebed

Sing: Ps. 89:6

Skriflesing: 2 Timotheus 2:1-13; 4:6-22

Teks: 2 Timotheus 2:9b

Preek

***DIE WOORD VAN GOD KAN NIE GEOEI
WORD NIE.***

Antwoorddiens

Dankgebed

Kollekte

Liefdesdiens kollekte – Dorkas Susters
By die deure – Bediening Postmasburg

Slotsang

Sing-

Ps. 119: 39, 51

Wegsturseën

KOLLEKTES

Vandag

In die banke: Dorkas Susters

By die deure: Bediening vir Postmasburg

Sondag: 6 November

In die banke: DVB (Diakonie)

By die deure: Teol. Studente behuising

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



SnapScan

WYK – DIENSBEURT

Sondag – 30 Oktober. 2022 Wyk 6

Ouderling: Br Barend Snyman

Diaken: Br Wikus Pretorius

Wyksuster: Sr Anita Pretorius

VERJAARSDAE

Vandag 30 Okt. Chris-Marie Erasmus

Sat 8 Nov. Jane Coetzee

Woens 26 Nov. Magdel Potgieter

Maan 28 Nov. Christa van der Merwe

Dins 29 Nov. Zilke Nel

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

LIEF EN LEED

Ons dink steeds in ons gebede aan sr Lientjie en br Viljoen van der Walt en gesin. Sr Lientjie se pa is baie ernstig siek.

Br Kobus Swiegers moet daar nog weer 'n datum vasgemaak word. Hy moet in afsienbare tyd operasie ondergaan.

Sr Bettie Snijman se gesondheid is ook baie dae onder druk. Ons bid ook vir haar en br Tjaart dat Hy wat die Here is hulle elke dag naby sal wees

OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar	R552 063
Totaal van dankoffers vir huidige boekjaar	R467 215
Totaal van dankoffers vir September 2022	R57 245
Totaal van dankoffers vir Okt. tot op hede	R29 400
Kermis inkomste tot op hede	R258 631
Gemiddelde dankoffer per besoekpunt vir 8 maande	R1006 per besoekpunt
Werklike inkomste vorige finansiële jaar	R 1 191 012-87
Werklike uitgawes vorige finansiële jaar	R 1 240 328-31
Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit Klassis en Streeksinode)	R925-00
Huidige getal belydende lidmate	116
Huidige getal dooplidmate	33

Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Ons dankbaarheid voor die Here moet altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by <https://bit.ly/3j1e2xT>

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

KATEGESE

Ons katkisasie werk en roosters is op ons webwerf gelaai. Dit is beskikbaar by <http://bit.ly/2KhypYe>
Laerskool-kategese Laerskool kategese gaan vanoggend voort

Hoërskool – kategese Alle Hoërskool-kindere se katkisasie word elektronies aangebied. Die sestiende les vir hierdie jaar se skriftelike deel is op WhatsApp groep gelaai. Daar is ook 'n opgeneemde klankweergawe van die les deurgegee. Hierdie les se werk wil ons DV 15 Nov. hanteer. Dit sal dan ook ons laaste les vir hierdie jaar wees.

BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

Ons het ons Bybelstudies rondom die groot tema van Gebede uit die Here se Woord afgesluit. Ons het na 30 gebede in die reeks gekyk. Die laaste Bybelstudie was 'n gebed van die Heilige Gees Self. *Amen, Kom Here Jesus* U kan in die Bybelstudie deel by <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

HUIS JAN VORSTER (HJV)

Ons is dankbaar dat u die belange van hierdie tehuis ook in u hart, gebede en beursies met u saamneem.

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND) EN KATEGISMUS-PREDIKING

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>.

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

Die program begin Sondag om 17h00 op die skottel by kanaal 887.

Sondag-aande is daar ook prediking vanuit die Kategismus wat deur verskeie leraars hanteer word. Dit begin om 19h00 en staan bekend as 'n Aand-Ateljeediens.

VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

Ons dink ook aan die gevaarlike verwickelinge aan die Oos-Europese grens op die stadium. Daar is deur dr. d'Assonville al op 'n besondere wyse ook in die Oekraïne gewerk en na gereformeerdes in die geweste uitgereik. Ons dink aan ons mede-broeders en susters in die oorlogsgebeure in hierdie land.

Dit is met dankbaarheid dat ons besef daar is heelwat gemeentes en individue wat hierdie bediening volhoubaar ondersteun. Ons vertrou dat nog meer gemeentes betrek kan word.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Diakonievergadering – Sondag 13 November 2022 na die erediens
Kerkraadsvergadering- Sondag 13 November 2022 na die erediens

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg
Posbus 74 Postmasburg
E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za
Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert@webmail.co.za
Admin Beampste	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning 16/10; 23/10	47; 41
Kollekte Diakonie 16/10; 23/10	R1766-00 ; R1192-20
Kollektes by deure 16/10 ; 23/10	R682-00 ; R671-00
Kollekte Dorkas susters 25/9	R 2 473-00
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	(SnapScan)

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782



**Daar is nog wors in die een vrieskas in die Teekamer beskikbaar.
Enige aankope kan u met ons koster br. Francois Marais (076 612 2255) of met dr. Petrus
(0847042348) of sr Christine (0845119620) opneem.**

Ons houtvoorrade is daar nog bietjie voorraad.. Dit is ook in die Teekamer. Koste is R25-00 per sakkie. As u 20 sakkies of meer neem dan kos dit R20-00 per sakkie. U kan die koster, br Francois Marais (076 612 2255) of dr Petrus kontak as u graag van die hout wil aanskaf.

Omdat die lewe kwesbaar is, dra hy 'n doring (TT Cloete)